291. EKSELF SAL MY VOLK

A E D A
1. Ekself sal My volk uit die nasies gaan haal
B7 E
en Ek sal hul bring in hul land;
A D B7 E
die volke sal weet dat Ek Heilige heet
A D E A
as Ek My in My volk openbaar.

(A) E
Refrein: Ja, Ek sal (ja, ek sal),
A
spreek Yahweh (spreek Yahweh).
D E7 A
Ja, Ek sal, ja, Ekself sal dit doen!

A E D A
2. Ek sal oor hul uitgiet ‘n reinigende vloed,
B7 E
My Gees in hul binneste gee,
A D B7 E
My wet en My wil in hul harte inskryf
A D E A
en My erfdeel, My volk, sal hul wees.

A E D A
3. My volk sal die lof van hul Maker vertel;
B7 E
die skepping sal juig tot My eer.
A D B7 E
Breek uit in gejubel, o berge, en bos,
A D E A
want Ek, Yahweh, sal Jakob verlos.